BELLPARK
LAERSKOOL PRIMARY SCHOOL

GROEI • GROWTH

OMSENDBRIEF 2/2015

13 April 2015

Geagte Ouers/Voogde

Ons vertrou dat u die afgelope vakansie met u kind(ers) terdeë geniet het en waardevolle gesinstyd saam beleef het. Mag hierdie tweede kwartaal ook vir u en u gesin baie voorspoed en geluk inhou.

By the time you're eighty years old you've learned everything. You only have to remember it. Bill Vaughan

U aandag word op die volgende belangrike aspekte gevestig:

1. OPENBARE VAKANSIEDAE WAT BINNE DIE 2DE KWARTAAL VAL:

Maandag, 27 April	Openbare vakansiedag - Vryheidsdag
Vrydag, 1 Mei	Openbare vakansiedag - Werkersdag
Maandag, 15 Junie	Spesiale skolevakansiedag
Dinsdag, 16 Junie	Openbare vakansiedag - Jeugdag

(Onthou, die nasorgsentrum sal ook op die dae gesluit wees. Tref asseblief die nodige reëlings.)

2. EISTEDDFOD:

'n Groot getal BELLPARKERS neem weer hierdie kwartaal aan die TIE, asook ander plaaslike Eisteddfods deel. Baie sterkte aan almal!! Ons weet julle sal jul beste lewer!!

3. INSKRYWINGS VIR GRAAD R- EN GRAAD 1- LEERDERS VIR 2016:

Om ons met ons beplanning te help, versoek ons dat ouers en vriende nou reeds aansoek doen om toelating vir leerders vir 2016. **Akkommodasie in sekere klasse is reeds beperk.** Dra ook asseblief die versoek aan vriende en bure oor wat tans nie kinders in Bellpark het nie. Aansoekvorms en prospektusse is op aanvraag by die sekretaresses beskikbaar. U kan dit ook vanaf die webblad (www.bellpark.co.za) verkry.

4. EKSAMEN: JUNIE 2015

Aangesien ons hierdie kwartaal 'n **VOLLE EKSAMEN** skryf, wil ons ons ouers versoek om die erns daarvan by ons leerders in te skerp. 'n Volledige werksafbakening sal op **Maandag, 18 Mei 2015** per hand aan u gestuur word. ONS BESTE WENSE VERGESEL ALLE BELLPARKERS VIR DIE KOMENDE EKSAMEN. (Sien aangehegte eksamenrooster.) Die Gr. 7-leerders moet ook besef dat dit dié kwartaal se rapport is wat hoërskole tydens aansoeke versoek.

5. KWARTAAL- / SPORTPROGRAM : TWEEDE KWARTAAL

Bogenoemde is hierby aangeheg. Ons rig ‘n versoek aan elke BELLPARKER om betrokke te raak en deel te wees van al die aktiwiteite wat by die skool aangebied word. Ons is bekommerd oor die lae deelname by sekere ouderdomsgroepe en dit veroorsaak dat ons nie spanne kan volmaak om wedstryde te speel nie.

6. WINTERSDRAG

Leerders sal op **Maandag, 4 Mei 2015** na wintersdrag oorskakel. Die nuwe windjekkers is nou by die leweransiers beskikbaar wat die leerders in die plek van die sweetpakbaadjie skool toe kan dra.

7. LEERDERS VOOR SKOOL

Ons versoek dat ouers leerders by die toegangshekke tot die skoolterrein aflaai en dat die leerders **self tot by die rye stap**. Ons kry te veel ouers en **vreemdelinge** wat voor skool in die gange beweeg waaroor ons nie beheer het nie. Dit is alles tot voordeel van u kind se veiligheid.

Sterkte vir die nuwe kwartaal!

Vriendelike Bellparkgroete

P.W. LOUW
SKOOLHOOF